

Sondag, 14 Februarie 2021
Fokusteks: 2 Korintiërs 4:3-6

Die spreekwoord sê: *sien is glo*. Paulus sien in Jesus die ware beeld van God. Jesus is die goeie nuus van genade en liefde wat deur God aan die wêreld geskenk word. Hy is die Lig wat die duisternis verdryf het. Omdat Paulus vir Jesus so “sien,” glo hy onwrikbaar in Hom en volg Hom met sy hele hart. Nie almal “sien” dit so nie.

Hoe is dit moontlik dat twee mense albei die Bybel lees en dat die een die lig van die evangelie sien, maar die ander een is blind daarvoor? Hoe is dit moontlik dat twee mense die blye boodskap aangaande Jesus hoor, maar die een aanvaar dit met dankbaarheid en vir die ander een maak dit geen sin nie? Wat is dit wat sommige mense verhoed om Jesus te sien en te erken vir wie Hy werklik is? Paulus beskryf dit as ‘n sluier wat oor die boodskap van die Bybel lê. Dit bedek die evangelie sodat daardie mense dit nie kan sien nie. Wie is daardie mense en wie plaas die sluier oor die evangelie? Is dit God wat sommer net besluit dat Hy vir sommige die lig sal laat sien en ander nie? Indien dit die geval sou wees, sal dit ten minste twee reaksies by ons ontlok. Die een is vrees. Sê nou maar ek is een van die wat bestem is om verlore te gaan. Dan is alle hoop op ‘n ewige lewe saam met Jesus aan flarde geruk. Die ander reaksie is om jousef te verontskuldig. As God so besluit het, is dit mos nie my skuld dat ek verlore gaan nie. Dan kan ek nie daarvoor kwalik geneem word nie.

Paulus sê die evangelie is met ‘n sluier bedek net vir dié wat verlore gaan. Dit herinner aan wat hy reeds in sy eerste brief aan hierdie gemeente geskryf het - 1 Kor.1:18

Die boodskap van die kruis van Christus is wel onsin vir dié wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God.

Maar wat maak dat sommige mense verlore gaan? Hoekom is hulle oë verblind vir die kruisboodskap van Jesus? Wie of wat verblind hulle oë? In vers 4 verduidelik Paulus dat die ongelowiges se verstand en oë verblind word deur die “god van hierdie wêreld.” Dit is ‘n verwysing na satan, die owerste van hierdie wêreld. Hoewel Jesus die mag van satan verbreek het met sy opstanding uit die dood, is satan steeds aktief besig om, met sy laaste stuiptrekkings, mense se oë te verhinder om die heerlike lig van die evangelie te sien. Satan doen dit deur te fokus op Jesus as die ware beeld van God. As hy dit kan regkry om twyfel oor Jesus te saai, sal mense ook twyfel aan God. Soos fopnuus, wat net verwarring en onsekerheid veroorsaak. Die gevolg is dat dit ongeloof en geestelike blindheid bewerk.

Deel van die fopnuus in hierdie geval gaan terug na Paulus se verhouding met hierdie gemeente. Daar was ander leraars wat die gemeenskap binnegedring het met verdraaide boodskappe. Sommige het aan die gelowiges voorgehou dat ‘n mens net gered kan word as jy besny word (Hand.15:1). Ander het weer voorskrifte gehad ten opsigte van watter voedsel geëet mag word. Met ander woorde, die eenvoudige boodskap dat ‘n mens gered word deur in Jesus te glo, was nie genoeg nie. Dit was ‘n “Jesus plus-godsdiens.” Jesus plus die besnydenis. Jesus plus geestelik rein voedsel. Jesus plus dit, Jesus plus dat. Ons moet in Jesus glo ja, maar daar moet maar nog iets bykom, anders is die redding nie volkome nie. Dit beteken gewoon dat Jesus nie ‘n 100% Verlosser is nie. Daar is maar nog ‘n paar goed wat jy moet byvoeg. Dit is niks anders as die bediening van die dood nie. So lyk die optelsom van hierdie valse evangelie - Jesus + nog iets = 0. Die “Jesus plus-godsdiens” verblind jou vir wie Jesus regtig is en daarom kan jy ook nie vir God “sien” nie. Dan lê daar ‘n sluier oor die heerlike en verlossende boodskap van die kruis. Satan gebruik hierdie valse leringe om mense se oë blind te maak vir die ware evangelie van Christus. Mens dink hier aan die woorde van Jesus in Joh.3:19:

En so kom die skeiding: die lig het na die wêreld toe gekom, en tog het die mense eerder die duisternis as die lig liefgehad, want hulle dade was sleg.

Baie van die gemeentedelede het hulle tot hierdie dwaalleraars gewend omdat hulle so welsprekend was en geleerd voorgekom het. Die gevolg was dat daar 'n wantroue gekom het teenoor Paulus en die boodskap wat hy gebring het. Dit is hoekom hy in sy briewe soms skerp woorde te sê het vir die gelowiges in Korinte.

Teenoor die dwaalleraars se persoonlike agendas met verskuilde bedoelinge stel Paulus dit in vers 5 duidelik dat hy en die ander apostels nie hulself verkondig nie, maar slegs Jesus as die Here. Hy voeg ook by dat hulle gekom het as die gemeente se dienaars ter wille van Christus. Letterlik beteken hierdie woord "slawe." Nie slawe in die sin dat die gelowiges die apostels kan hiet en gebied nie, of voorskryf wat om te glo nie, maar heel eerste as slawe van Jesus. In daardie sin is hulle diens aan God ook 'n getroue diens aan die gelowiges.

In vers 6 gee Paulus nog 'n rede hoekom hy nie homself verkondig nie. Hier verwys hy na die fondament van sy bediening en die inhoud van sy prediking. Dit gaan alles oor Christus. Wat hy het en wat hy doen is aan God te danke. Hy gryp terug na dit wat ons reg in die begin van die Bybel lees, naamlik toe die aarde onbewoonbaar was en dit donker op die diep waters was. Toe het God gesê: Laat daar lig wees! En daar was lig (Gen.1). Soos wat God lig in die duisternis gebring het en die chaos tot orde geroep het, so het die Gees van God, as die Herskepper van lewe, ook Paulus se lewe tot orde geroep.

Heel moontlik mag Paulus sy eie ontmoeting met die Here in herinnering roep. Op die pad na Damaskus is hy, die vervolger van die kerk, deur die lig van God tot 'n totale ommekeer van sy lewe geroep. Daar het die heerlijkheid van God op hom neergestraal in die verskyning van Jesus Christus. Hy sê verder in vers 6 dat hulle harte verlig is met die kennis van die heerlijkheid van God, wat van Jesus uitstraal. Wat beteken dit? Wat is hierdie kennis? Dit is die heerlike ontdekking dat ek nie myself hoef te red deur nog iets by te voeg by die kruisboodskap nie. Dit is nie "Jesus plus" nie, maar slegs Jesus alleen. Genade alleen. Dit is hoekom Paulus nie op homself roem nie, maar op die krag van God wat in Jesus aan hom geskenk is. Paulus se boodskap is een van genade. As die lied, *Amazing Grace*, in daardie tyd bekend sou wees, is die kansse waarskynlik goed dat hy dit self sou gesing het:

*Amazing Grace, how sweet the sound
that saved a wretch like me.
I once was lost, but now am found -
was blind, but now I see.*

Die sluier is weggeneem deur Christus. Paulus bevestig dit self in 2 Kor.3:16. Jesus het die mag om geestelike blindheid te genees. Al wat dit vra is om jou lewe in al sy fasette aan Jesus toe te vertrou. Jesus het self die volgende belofte gemaak in Joh.8:12

"Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee."

Paulus het nie sy eie lig laat skyn nie, want hy was 'n soos 'n weerkaatser op 'n nasionale pad. Self kan dit nie lig genereer nie. Slegs as die motor se hoofligte daarop skyn, kan dit gesien word en die pad aanwys wanneer dit reën of mistig is. Paulus was in sy tyd 'n weerkaatser van die lig van God. Dit was nie maklik nie en hy het baie teenstand gekry. So word ons ook geroep om die lig van God te laat skyn in omstandighede wat veral nou, vreemd en uitdagend is. Ons beleef 'n donker tyd in ons geskiedenis. Daar is ontwrigting, hartseer en verlies van lewens. Satan, die god van hierdie wêreld, wil steeds nie opgee nie. Daar is mense wat hierdie omstandighede wil uitbuit tot hul eie voordeel. Dit kan so donker word dat ons begin twyfel aan

God se lig. Dit is egter nou die tyd dat ons die lig wat God in ons lewens gebring het, met vrymoedigheid en blymoedigheid uitelef. Kom ons let op die woorde van hierdie ou kinderlied:

VONKK 82:1

Laat ons skyn vir Jesus
met 'n helder glans,
skitter soos die sterre
in die hemel saans.
In die donker wêreld
waar die lig verdwyn –
skyn daar met jou liggie,
al is dit klein.

Seën

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by julle almal wees. Amen.